**Donderdag 7 Julie**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 3:13-22**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 3:18**

## As kind van God is ek bereid om te ly, al doen ek goed

As gelowiges probeer ons om goeie lewens te ly. God het ons immers in Christus geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het (Ef. 2:10). Paulus sê: "Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie …" (Gal. 6:9).

Dalk raak jy soms moeg en moedeloos omdat jy goed doen, maar nog steeds onverdiend die swaarkry van die lewe ervaar. Petrus se hoorders het ook die lewe so ervaar: jou goed doen vrywaar jou nie van swaarkry nie!

Petrus gee twee redes waarom ons gewillig moet wees om onverdiende swaarkry in die Naam van Jesus Christus te verduur:

- Eerstens het Christus – volgens ons fokusvers – ook een maal onverdiend in ons plek gely om ons na die Vader te bring. Deur sy dood as mens en sy opwekking deur die Gees van God het Hy ons tot kinders van ons hemelse Vader gemaak.
- Tweedens leef en regeer Christus ná sy versoeningswerk oor alles, ook oor ons as gelowiges in ons stryd om aan te hou goed doen.

As jy dit gelowig toeëien en jou aan sy heerskappy onderwerp, sal jy selfs te midde van onverdiende lyding aanhou om goed te doen. Dan sal jy as kind van God bereid wees om die goeie stryd te stry, eerder as om moeg te word vir goed doen en in die kwaad terug te val.

*Sing: Skrifberyming 14-1:1, 3*

*Dr. H (Hennie) Goede (Meyerspark)*